

DIE WOLWESPOOR

KWARTAAL 2:1 / TERM 2:1



TWEEDE KWARTAAL / TERM TWO
HOËRSKOOI FERNINAND POSTMA HIGH SCHOOL

DIE ALFA-VERSLAG



Beste Ouers en Ferdie-gemeenskap

Dit is vir ons 'n groot voorreg en vreugde om al ons pragtige leerders weer by die skool te verwelkom. Die bekende klanke van vreugdevolle stemme op die stoepe en die hartlike omgee tussen personeel en leerders herinner ons opnuut aan die besondere gees wat ons skoolgemeenskap kenmerk.

Die afgelope skoolvakansie was gevul met betekenisvolle en verrykende aktiwiteite. Ons matriekleerders het reeds op 6 April met hul akademiese program begin, en hul toewyding stel 'n inspirerende voorbeeld. Die eerstespan-rugby het 'n uiters suksesvolle kamp by die skool voltooi, waar afrigters met groot sorg en toewyding in die seuns belê het. Net so het die eerstespan-netbalmeisies 'n intensiewe oefenkamp bygewoon en met bewonderenswaardige erns en geesdrif voorberei vir die seisoen wat voorlê.

Ons koshuise was ook die tuiste van spelers en afrigters wat aan die NWU-hokkieklinieke deelgeneem het. Ons spreek ons opregte dank uit aan Me. Liëtte Enslin en haar koshuispersoneel vir hul harde werk en toewyding. Die positiewe terugvoer oor Ferdies se gasvryheid vul ons met trots.

Hierdie week ontvang leerders hul rapporte. Ek vertrou dat elkeen wat ywerig gewerk het, met trots na hul prestasies sal kyk. Terselfdertyd bly daar altyd ruimte vir groei, en ons moedig leerders aan om elke assesseringsgeleentheid as 'n bousteen tot hul akademiese ontwikkeling te beskou.

Die volgende twee weke belooft om besonder bedrywig te wees. Ons verwelkom 32 onderwysstudente, sien uit na twee Bayer-liga sportreekses, die tussentydse Beheerliggaamverkieping, ons jaarlikse gholfdag en 'n bruisende kultuurprogram. Daarbenewens bied die SETH-sessies aan ons leerders die geleentheid vir waardevolle blootstelling by verskeie instansies te verkry.

Ferdies se terrein bly 'n dinamiese ruimte waar geleenthede geskep en benut word. Ons is opreg dankbaar vir elke kans wat ons leerders kry, en trots op die wyse waarop hulle dit met entoesiasme aangryp.

Laat ons voortgaan om in ons leerders te glo en hulle met oorgawe te ondersteun op elke terrein waar hulle hulself bevind. Dit is inderdaad 'n voorreg vir ons personeel om met die toekomstige leiers van ons land te werk.

Ferdie-groete.

Morné Smit
Skoolhoof



THE ALPHA REPORT



Dear Parents and Ferdie Community

It is a great privilege and joy to welcome all our wonderful learners back to school. The familiar sounds of joyful voices in the corridors, along with the genuine care shared between staff and learners, once again remind us of the special spirit that defines our school community.

The past school holiday was filled with meaningful and enriching activities. Our matric learners resumed their academic programme on 6 April, and their dedication sets an inspiring example. The first rugby team completed a highly successful training camp at the school, where coaches invested in the boys with great care and commitment. Likewise, the first netball team attended an intensive training camp and prepared for the upcoming season with admirable seriousness and enthusiasm.

Our hostels also accommodated players and coaches who participated in the NWU hockey clinics. We extend our sincere thanks to Ms Liëtte Enslin and her hostel staff for their hard work and dedication. The positive feedback regarding Ferdies' hospitality fills us with pride.

This week, learners will receive their report cards. I trust that each learner who has worked diligently will view their achievements with pride. At the same time, there is always room for growth, and we encourage learners to see every assessment opportunity as a building block in their academic development.


The next two weeks promise to be particularly busy. We welcome 32 student teachers and look forward to two Bayer League sports tournaments, the SGB by-elections, our annual golf day, and a vibrant cultural programme. In addition, the SETH sessions offer our learners valuable exposure to a variety of institutions.

Ferdies' grounds remain a dynamic space where opportunities are created and embraced. We are truly grateful for every opportunity afforded to our learners and proud of the way they seize these with enthusiasm.

Let us continue to believe in our learners and support them wholeheartedly in every aspect of their involvement. It is indeed a privilege for us, as parents and staff, to work with the future leaders of our country.

Ferdie greetings


Morne Smit
Principal



WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



Woensdag / Wednesday: 08/04

- **TYD / TIME: S**
- **DH: JOLANDA ROSIN**
- **SKOOL BEGIN / SCHOOL STARTS**
- **Saalopening** (voor pouse) / **Assembly** (before break) - Paweljoen / Pavilion.
- HAD vergader / SMT meeting.
- Proefrapporte / Test Reports.



Donderdag / Thursday: 09/04



- **TYD / TIME: P**
- **POUSE / BREAK** - Eerste helfte van pouse na voogklasse vir die uitdeel van rapporte / First half of break to register classes to receive report cards.
- **BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING (DIE VENUE) / SCHOOL GOVERNING BODY BY-ELECTION (THE VENUE).**
- Graad 8-graadbespreking (pouse en na skool)
- 12:40 - Interact: Easter Outreach (Vyfhoek Primary).
- Netbal / Netball: JB Marks-trials (Volkies).
- 15:30 - Koshuispersoneelvergadering.

Vrydag / Friday: 10/04

- **TYD / TIME: A**
- Graad 12-graadbespreking (pouse en na skool).
- Hockey 1st division NW league (girls) Ferdies vs Grenville (Home).

Saterdag / Saturday: 11/04

- Boogskiet / Archery (Bergsig Akademie).
- Bayer-liga: Rugby en Netbal vs Mafikeng (Tuis)

Sondag / Sunday: 12/04



WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



Maandag / Monday: 13/04

- **TYD / TIME: A**
- **DH: CHARLES LOUW**
- Proefstudent - 13 April tot 15 Mei.
- Graad 10-graadbespreking (pouse en na skool).
- Netbal / Netball: Distrikproewe / District Trials (Volkies)

Dinsdag / Tuesday: 14/04

- **TYD / TIME: T**
- Graad 9-graadbespreking (pouse en na skool).
- **SAAL / ASSEMBLY (AKADEMIE / ACADEMICS)**
- 18:00 - Netball Capping (Klub-huis).

Woensdag / Wednesday: 15/04

- **TYD / TIME: P**
- **DETENSIE / DETENSION**
- Graad 11-graadbespreking (pouse en na skool).
- 13:20 - HAD-vergadering / SMT Meeting.
- **17:30 - DRUM BUSTERS**



Donderdag / Thursday: 16/04



- **TYD / TIME: A**
- 16 - 30 April: Visual Rit & Vocal + Instrumental (closing date).
- Netballliga begin: Netbal Potch Platinum-liga (Ferdies vs Ventersdorp) (Tuis).
- Hockey 1st division NW league (girls) Ferdies vs Grenswag (Home).
- Bevestig oueraandafsprake vir 21 April 2026 / Confirm parents meeting appointments for 21 April 2026.
- SAOU - Nasionale vergadering @ Ferdies.
- 17:30 - SETH Graad 12 - Afsluiting / SETH Grade 12 Farewell Function.

Vrydag / Friday: 17/04

- **TYD / TIME: A**
- **FERDIES GHOLFDAG / FERDIES GOLF DAY**
- 08:00 - Netbal NW Proewe / Netball NW League (Wesvalia).



Saterdag / Saturday: 18/04

- Bayer-liga: Rugby & Netbal vs Koster (weg).
- Hokkie vriendskaplike wedstryd teen Curro (al die spanne) / Hockey friendly competition vs Curro (all the teams).
- Boogskiet / Archery: H/S Wesvalia.
- Skyfskiet: Liga 3 (Lekwena).

Sondag / Sunday: 19/04

HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA TUSSENTYDSE BEHEERLIGGAAM- VERKIESING

09 APRIL 2026

VOTE

06:30 - 17:30

Ons doen 'n beroep
op ouers en wettige
voogde om asseblief
in persoon te kom
stem. Bring asb. u
ID saam



! VOLDAGVERKIESING

**Plek: Hoërskool Ferdinand Postma -
Die Venue**

FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL SCHOOL GOVERNING BODY BY-ELECTION

09 APRIL 2026

VOTE

06:30 - 17:30

We appeal to all
parents and
guardians to please
come and vote in
person. Please bring
along your ID



! FULL DAY ELECTION

**Place: Ferdinand Postma High
School - The Venue**

HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA

**BELONING
OP DIE SPEL**

Indien jou ouer(s) kom stem vir die
tussentydse Beheerliggaamverkiesing
op 09 April 2026, sal jy die volgende
beloning ontvang.

**VERDAAG EEN MIDDAG
OM 12:00**

**VANAF 06:30 TOT 17:30 IN DIE VENUE
(HOËRSKOOL FERDINAND POSTMA)**



FERDINAND POSTMA HIGH SCHOOL

**REWARD
UP FOR GRABS**

If your parent(s) vote for the by-
election School Governing Body on
09 April 2026, you will receive the
following reward!

**LEAVE ONE AFTERNOON
AT 12:00**

**FROM 06:30 TO 17:30 IN THE VENUE
(HIGH SCHOOL FERDINAND POSTMA)**





GENOMINEERDE VIR BL-VERKIESING

Juanita van Staden

MY VISIE VIR FERDIES:

- My visie vir Ferdies is om 'n skool te sien wat voortgaan om uitnemendheid in akademie, sport en kultuur te bevorder.
- Ek glo in dissipline, respek, waardes, en dat elke leerder die geleentheid moet kry om hul volle potensiaal in 'n veilige en ondersteunende omgewing te bereik.



NAAM & GRAAD VAN LEERDER

- Belrie van Staden - Gr. 10

BEROEP & SPESIALITETISVELDE:

- Administrasie en Sekuriteit

Stem 09 April vanaf 06:30 tot
17:30 in die Venue



GENOMINEERDE VIR BL-VERKIESING

Jan Nagel

MY VISIE VIR FERDIES:

- Om te help dat Ferdies op alle vlakke van sport, kultuur en akademie te groei.
- Om te help dat die beste keuses vir Ferdies gemaak word.
- Balans, groei en uitnemendheid in alles wat Ferdies doen.



NAAM & GRAAD VAN LEERDER

- Armand Nagel - Gr. 12
- Juvan Nagel - Gr. 8 (2027)

BEROEP & SPESIALITETISVELDE:

- Kontrakteur - instandhouding van geboue, ens.
- Altyd bereid om te help van braai tot bou.

Stem 09 April vanaf 06:30 tot
17:30 in die Venue



NOMINEE SGB ELECTIONS

Tariq Sooliman

MY VISION FOR FERDIES:

- As a father with a long-term stake in the school, my vision is to build on the current success of Ferdies to ensure the long-term operational and financial health.
- I want to help navigate the challenges of a growing school while maintaining the high standard and core values that make the Ferdies community so special.



NAME & GRADE OF LEARNER

- Hassaanah Sooliman - Gr. 12
- Faseeha Sooliman - Gr. 9

OCCUPATION & FIELD SPECIALITY:

- Business Owner (Specialising in building and Electrical)

Vote 09 April from 06:30 to
17:30 in the Venue



GENOMINEERDE VIR BL-VERKIESING

Michael Booyens

MY VISIE VIR FERDIES:

- My visie is om by te dra tot 'n skool wat akademiese uitnemendheid, dissipline en sterk waardes handhaaf en waar elke leerder die ondersteuning en geleentheid kry om hulle volle potensiaal te bereik.
- Ek glo in praktiese, volhoubare besluite wat die skool se langtermyn stabiliteit en groei ondersteun en sal uitbrei.
- 'n Sterk vennootskap tussen ouers, personeel en leerders is vir my die sleutel tot sukses.



NAAM & GRAAD VAN LEERDER

- Ruben Booyens - Gr. 11

BEROEP & SPESIALITETISVELDE:

- Geregistreerde professionele natuurwetenskaplike en geoloog.
- Senior Tegniese- en bestuursrolle.
- Strategiese-, projek-, ESG en risikobestuur.

Stem 09 April vanaf 06:30 tot
17:30 in die Venue



NOMINEE SGB ELECTIONS

Mohammed Afzal Carrim

MY VISION FOR FERDIES:

- I am passionate about education and sport.
- Having grown up in Potch and being an old Potch Boy, I believe my experience, skill set and network could add value to Ferdies and I would love to serve on the School Governing Body, to keep the high standards of Ferdies.



NAME & GRADE OF LEARNER

- Mohammed Aqeel Carrim - Gr. 8

OCCUPATION & FIELD SPECIALITY:

- Qualified Chartered Accountant.
- Director of Sew & Save

Vote 09 April from 06:30 to
17:30 in the Venue



NOMINEE SGB ELECTIONS

Elmarie Engles

MY VISION FOR FERDIES:

- Maintaining excellence in education by providing a model for life-long learning.
- Nurturing the heart and mind by promoting the well-being of all.



NAME & GRADE OF LEARNER

- Karl Engles - Gr. 11

OCCUPATION & FIELD SPECIALITY:

- Educator (BEd in Educational Psychology).
- Chairperson: SBST.

Vote 09 April from 06:30 to
17:30 in the Venue

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



DATUM DATE	GRAAD GRADE	TYD TIME	SESSIE SESSION	LOKAAL VENUE
Ma. 6 April	Vakansie / Holiday			
Tues. 7 April	Vakansie / Holiday			
Wo. 8 April	Gr. 8	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 9	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K37
Thurs. 9 April	Gr. 10	14:00 - 15:50	Entrepreneurskap / Entrepreneurship Dragons' Den	T4
	Gr. 11	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas Lab class

WEEKLY HOWL

Opkomende gebeure
Upcoming events



DATUM DATE	GRAAD GRADE	TYD TIME	SESSIE SESSION	LOKAAL VENUE
Ma. 13 April	Gr. 8	14:00 - 15:50	Dieetkunde / Dietetics	T4
	Gr. 9	13:30 - 15:50	Farmasie / Pharmacy	NWU
Tues. 14 April	Gr. 10	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	K37
	Gr. 10	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	T1
	Gr. 11	14:30 - 15:50	Besoek aan Zebravis-Lab / Visit to Zebrafish Lab	NWU
	Gr. 12	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas
Wo. 15 April	Gr. 8	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	T4
	Gr. 9	14:00 - 14:50	Wiskunde / Mathematics	K37
Thurs. 16 April	Gr. 10	13:30 - 15:50	Beroepshigiëne / Occupational Hygiene	NWU
	Gr. 11	14:00 - 14:50	Lees / Reading	K51
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Wiskunde / Mathematics	T1
	Gr. 11	15:00 - 15:50	Alpha Wiskunde / Alpha Mathematics	Labklas
	Gr. 12	17:30 - 20:00	SETH-Afsluiting / SETH Farewell	Klubhuis

TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 9 - Arbeidsverhoudinge

Die graad 9 SETH-leerders het 'n inleidende sessie tot arbeidsverhoudinge gehad. Me. Carina Linde van Negotia het vir die leerders 'n oorsig gegee van wat arbeidsverhoudinge binne 'n werkskonteks behels en waarom dit belangrik is. Baie dankie Me. Linde vir die moeite en tyd wat in hierdie sessie belê is. Die SETH-Akademie waardeer u.

SETH: Grade 9 - Labour Relations

The grade 9 SETH learners had an introductory session to labour relations. Mrs Carina Linde from Negotia gave the learners an overview of what labour relations entail within a work context and why it is important. Thank you Mrs Linde for the effort and time invested in this session. The SETH Academy appreciates you.



TROPSAKE PACK MATTERS



SETH: Graad 11 - CFAM-besoek

Die graad 11 SETH-leerders het CFAM Technologies besoek. Dit was 'n baie interessante sessie. Die leerders kon die enorme toerusting van nader beskou en het meer van die voedselverwerkingsprosesse, waarvoor CFAM bekend is, geleer.

Dankie aan die CFAM-span wat jaarliks die leerders verwelkom en vir al julle moeite en tyd. Die SETH-akademie waardeer julle.

SETH: Grade 11 - CFAM visit

The Grade 11 SETH learners visited CFAM Technologies. It was a very interesting session. The learners were able to take a closer look at the enormous equipment and learned more about the food processing and extrusion processes CFAM is known for.

Thank you to the CFAM team who welcome the learners every year and for all your effort and time. The SETH Academy appreciates you.



TROPSAKE PACK MATTERS




Ferdie-swemmer kwalifiseer vir SANJ

Ferdies is ongelooflik trots op Mia Putter, wat gekwalifiseer het om aan die South African National Junior Swimming Championships (SANJ) in Gqeberha van 22–29 Maart deel te neem!

Hierdie gesogte nasionale kompetisie bring die land se beste jong swemmers bymekaar om teen mekaar mee te ding. Mia se kwalifisering is 'n bewys van haar harde werk, deursettingsvermoë en uitsonderlike talent in die swembad.

Sterkte Mia, ons staan bankvas agter jou! Swem met trots en geniet elke oomblik op die nasionale verhoog!



Ferdies Swimmer Qualifies for SANJ

Ferdies is incredibly proud of Mia Putter, who has qualified to compete at the South African National Junior Swimming Championships (SANJ) in Gqeberha from 22–29 March!

This prestigious national competition brings together the country's top young swimmers to compete against one another. Mia's qualification is a testament to her hard work, perseverance, and exceptional talent in the pool.

Good luck, Mia — we stand firmly behind you! Swim with pride and enjoy every moment on the national stage!

TROPSAKE PACK MATTERS



SA Vlak 3 Streekkampioenskappe

Gite neem tydens die Maartvakansie aan die SA Vlak 3 Streekkampioenskappe deel. Baie sterkte! Hoërskool Ferdinand Postma is ongelooflik trots op Gite de Witt, wat in Hillcrest, Pretoria, gaan deelneem.

Sy verteenwoordig Ferdies met trots en is 'n ware inspirasie vir ander jong Ferdie-swemmers.

SA Level 3 Regional Championships

Good luck at the SA Level 3 Regional Championships, Gite!

Ferdinand Postma High School is incredibly proud of Gite de Witt, who will be competing in Hillcrest, Pretoria.



TROPSAKE PACK MATTERS



Ferdie-skuts mik internasionaal

Sterkte aan Angelique Stapelberg, David Knoetze en Carla Alberts wat hierdie naweek in Botswana gaan deelneem!

Ons is ongelooflik trots op julle en opgewonde vir die geleentheid dat julle Ferdies op internasionale vlak verteenwoordig.

Gaan wys julle staal en geniet elke oomblik! Maak Ferdies trots!

Ferdies Archers Take Aim Internationally

Good luck to Angelique Stapelberg, David Knoetze, and Carla Alberts who will be competing in Botswana this weekend!

We are incredibly proud of you and this opportunity to represent Ferdies on an international stage. May your focus be sharp, your hands steady, and every shot on target – go show your strength and enjoy every moment!
Make Ferdies proud!



TROPSAKE PACK MATTERS



Ferdie-skuts skitter internasionaal

Ferdies se skuts het as deel van 'n gekombineerde span van Suid-Afrika aan 'n kompetisie in Botswana deelgeneem en 'n uitstekende 2de plek behaal!

'n Spesiale uitblinker was David Knoetze, wat ten spyte van moeilike weerstoestande 'n perfekte 50 geskiet het met 'n telling van 280/300 – 'n ongelooflike prestasie!
Carla Alberts het 265/300 geskiet en Angelique Stapelberg 261/300.

Ferdies Archers Shine Internationally

Ferdies' archers competed as part of a combined South African team at a competition in Botswana, achieving an excellent 2nd place finish!

Someone who caught attention is David Knoetze, who shot a perfect 50 despite challenging weather conditions with a score of 280/300 – an incredible achievement!
Carla Alberts shot 265/300 and Angelique Stapelberg 261/300.



TROPSAKE PACK MATTERS

Ferdies se onderwaterhokkie skitter

Baie geluk aan John Henry Palm, Luan Kotzé en Reuben Steinbach wat vir die O/19 gekombineerde Noordwes- onderwaterhokkiespan gekies is!

'n Spesiale gelukwensing gaan ook aan Ruan du Toit, wat vir die O/16 Noordwes- onderwaterhokkiespan gekies is.

Albei hierdie spanne gaan die naweek aan die Junior Nasionale kompetisie in Somerset-Wes gaan deelneem.

Ons wens julle almal baie sterkte vir die naweek se kompetisie toe. Gaan geniet elke oomblik en verteenwoordig Ferdies met trots – ons is ongelooflik trots op julle prestasies!

Ferdies Archers Shine Internationally

Congratulations to John Henry Palm, Luan Kotzé, and Reuben Steinbach, who have been selected for the U/19 underwater hockey combined team!

A special congratulations as well to Ruan du Toit, who has been selected for the U/16 North West underwater hockey team.

Both of these teams will be competing this weekend at the Junior National competition in Somerset West.

We wish you all the best for the weekend's competition. Enjoy every moment and represent Ferdies with pride – we are incredibly proud of your achievements!



TROPSAKE PACK MATTERS

FERDIES GEE TERUG AAN ONS TROETELDIERGEMEENSKAP

Ferdies se Interact- en Ferals-klubs het met trots 'n projek geloods waar skenkings van komberse, honde- en katkos vir PAWS Haven ingesamel is.

Hierdie organisasie maak staat op die gemeenskap om vir die diere te sorg, en elke bydrae maak werklik 'n verskil. Ferdies is dankbaar dat ons deel van hierdie betekenisvolle inisiatief kon wees. Elke bietjie help en maak 'n impak in die lewens van dié wat dit die nodigste het.

Ferdies gee terug aan ons troeteldiergemeenskap!



FERDIES GIVES BACK TO OUR PET COMMUNITY

Ferdies' Interact and Ferals clubs proudly launched a project where donations of blankets, dog and cat food were collected for PAWS Haven.

This organisation relies on the community to care for animals, and every contribution truly makes a difference. Ferdies is grateful to have been part of this meaningful initiative. Every bit helps and makes an impact in the lives of those that need it the most.

Ferdies gives back to our pet community!

TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES-SWEMMER SKITTER OP NASIONALE VLAK!

Baie geluk aan Cameron Calder wat 'n uitstekende 4de plek in die 200m rugslag by die SA-kampioenskappe behaal het!

Ten spyte van onverwagte terugslae het Cameron deurgedruk en steeds op die hoogste vlak presteer – 'n ware bewys van sy deursettingsvermoë en karakter.
Ferdies is ongelooflik trots op jou, Cameron!

FERDIES SWIMMER SHINES ON NATIONAL STAGE!

Congratulations to Cameron Calder on achieving an outstanding 4th place in South Africa in the 200m backstroke at the SA Championships!

Despite unexpected setbacks, Cameron pushed through and still performed at the highest level – a true testament to his perseverance and character.



TROPSAKE PACK MATTERS



GOUD VIR FERGIE-LEERDERS BY DIE JUNIOR NASIONALE ONDERWATERHOKKIE

Baie geluk aan **John Henry Palm, Luan Kotzé en Reuben Steinbach** wat die naweek in Somerset-Wes goud behaal het!

Met onvoorsiene kloorprobleme moes daar gekyk word wie die meeste doele aangeteken het en Noordwes het uiteindelik as kampioene uit die stryd getree!

Ferdies is ongelooflik trots op julle prestasie en die manier waarop julle ons skool verteenwoordig het. Julle harde werk en spanpoging het werklik vrugte afgewerp!

Ons wil ook ons dank oud-Fergie onderwyser, meneer **JD Aucamp**, wat hulle tot by goud gebring het, uitspreek.



GOLD FOR FERGIES LEARNERS AT JUNIOR NATIONAL UNDERWATER HOCKEY

Congratulations to **John Henry Palm, Luan Kotzé, and Reuben Steinbach**, who won gold this past weekend in Somerset West!

Due to unforeseen chlorine issues, the results had to be determined based on the number of goals scored, and North West ultimately emerged as champions!

Ferdies is incredibly proud of your achievement and the way you represented our school. Your hard team work has truly paid off!

We would also like to extend our thanks to former Fergie teacher, **Mr JD Aucamp**, who guided them to gold.

TROPSAKE PACK MATTERS



TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES-SWEMMER DING OP NASIONALE VLAK MEE

Mia het die eer gehad om aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Kampioenskappe in PE deel te neem, 'n gesogte byeenkoms waar slegs die topswemmers in die land meeding. Wat 'n ongelooflike prestasie om te kwalifiseer en deel daarvan te wees!

Sy het aan die 50m borsslag, 100m borsslag, 50m vryslag, en 200m borsslag deelgeneem en in elke item deursettingsvermoë, passie en veggees gewys.

Ons is ongelooflik trots op jou, Mia!



FERDIES SWIMMER COMPETES ON THE NATIONAL STAGE

Mia had the honour of competing at the South African National Junior Championships in PE, a truly prestigious event where only the top young swimmers in the country compete. What an incredible achievement just to qualify and be part of it!

She competed in the 50m breaststroke, 100m breaststroke, 50m freestyle, and 200m breaststroke, showing determination, heart, and resilience in every race.

We are incredibly proud of you, Mia!

TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES-ONDERWATERHOKKIE SKITTER OP NASIONALE VLAK!

Baie geluk aan **Ruan du Toit** en die Noordwes o/16- onderwaterhokkiespan wat 'n uitstekende 3de plek by die Junior SA-Kampioenskappe behaal het!

Dit is 'n ongelooflike prestasie vir 'n graad 9-leerder om reeds op so 'n hoë vlak te presteer — 'n ware bewys van talent, harde werk en toewyding.

Ferdies is ongelooflik trots op jou, Ruan! Ons glo dit is net die begin van 'n suksesvolle loopbaan in die sport!



FERDIES UNDERWATER HOCKEY SHINES ON THE NATIONAL STAGE!

Congratulations to Ruan du Toit and the North West U/16 underwater hockey team on achieving an excellent 3rd place at the SA Junior Nationals!

This is an incredible achievement for a Grade 9 learner to perform at such a high level — a true testament to talent, hard work, and dedication.

Ferdies is incredibly proud of you, Ruan, and we believe this is just the beginning of a great and successful journey in the sport!

TROPSAKE PACK MATTERS



FERDIES IS BAIE TROTS EN SPOG GRAAG!

Baie geluk aan **meneer Willie Heyneke** met die suksesvolle voltooiing van sy nagraadse diploma in industriële ingenieurswese!

Jou harde werk, deursettingsvermoë en strewe na uitnemendheid is vir ons 'n inspirasie!

Ferdies is ongelooflik trots op jou prestasie en vier saam met jou hierdie mylpaal!



PROUD MOMENTS AT FERDIES!

Congratulations to **Mr Willie Heyneke** on successfully completing his Postgraduate Diploma in Industrial Engineering!

Your hard work, dedication, and pursuit of excellence are truly inspiring to us all.

Ferdies is incredibly proud of your achievement and celebrates this milestone with you!

TROPSAKE PACK MATTERS

Feel the rhythm

Feed the cats

15 April 2026
17:30
@ Ferdies

Join us for an evening where everyone becomes part of the rhythm. Inspired by the interactive African drumming experiences made popular by Drum Busters, this session celebrates how rhythm brings people together and creates unity through shared music.

All proceeds will go towards feeding our feral cat colony.
Snacks & cool drinks will be sold at the event.

R120 pp



FERAL



TROPSAKE PACK MATTERS

voel die ritme

Voer die katte

15 April 2026
17:30
@ Ferdies

Kom geniet 'n aand saam met ons waar almal deel van die ritme vorm! Hierdie geleentheid word deur die interaktiewe ervarings van Afrika-dromme geïnspireer en deur die alombekende Drum Busters aangebied.

Alle winste word vir katkos aangewend, sodat ons ons wilde katkolonie kan voer. Versnaperings en koeldranke sal verkoop word.

R120 pp



FERAL



TROPSAKE / PACK MATTERS



RONDEKOP
Safaris


Alle opbrengste
gaan vir die
ONTWIKKELING van
Ferdinand Postma
Hoërskool se
BOOGSKIETSPAN

Wen'n luukse

NAWEEK vir jou gesin en vriende ter waarde van

R31 830!

- 6 Paartjies met kinders
- **MAKSIMUM 28** mense



Die **GELUKKIGE TREKKING** vind plaas op Saterdag, **1 AUG 2026** tydens die **Noordwes-kampioenskappe** (plek sal bevestig word)



R100 per kaartjie



Onbeperkte aantal inskrywings p/persoon



Kompetisie oop vir enige iemand



Inskrywings sluit om 16:00nm op Vrydag, 31 Julie 2026

FNB

Rek. Nr: 6278 1277 093

Takkode: 240 438

Dien bewys van betaling in op die
Google vorm-skakel om inskrywing te bevestig.

TROPSAKE / PACK MATTERS



All proceeds will go
to the **DEVELOPMENT**
of the Ferdinand Postma
High School's
ARCHERY TEAM

Win a luxury
WEEK-END for the family worth

R31 830!

- 6 Couples
with children
- MAX 28
people



The **LUCKY DRAW** will take place on Saturday, **1 AUG 2026**
during the **North West Championship** (place to be confirmed)



R100 per ticket



Unlimited amount of entries per person



Competition open to anyone



**Entries close at 16:00pm on Friday,
31 July 2026**

FNB

Account Nr.: 6278 1277 093

Branch Code: 240 438

Submit proof of payment on the
Google Forms link to confirm entry.

WOLWEDEN



MARTIAL ARTS

JKA Shotokan karate classes not only teaches self-defense and anti-bully behavior but also develops character, sincerity, etiquette, self-control and effort. All ages and levels welcome!



CONTACT US

082-668-6611

almarodevilliers@gmail.com

WOLWEDEN



Liewe Ferdies Ouers, Studente en Vriende,
Pick n Pay Vanderhoff Park is trots om die Ferdies-lojaliteitsprogram aan u voor te stel!

Plaas asseblief u kasregisterstroke vir alle aankope wat by u Vanderhoff Park-winkel gedoen is in die posbus gemerk met ons skool se logo. Deur dit te doen, help u om fondse vir Ferdies in te samel, aangesien Vanderhoff belowe om 2% van alle geld wat bestee is, aan u skool terug te gee in die vorm van 'n kwartaallikse kontantterugbewys. Ferdies kan hierdie bewys dan gebruik om kruideniersware en ander noodsaaklike goedere aan te koop.

Deur by Vanderhoff inkopies te doen, trek u ook voordeel uit PnP se klanteloyaliteitstelsel! Veeg eenvoudig u Smart Shopper-kaart en maak gebruik van PnP se Brand Match-stelsel. Vra asseblief in die winkel vir meer besonderhede. Pick n Pay Vanderhoff Park – Laat ons familie na u familie, skool en gemeenskap omsien.

Dear Ferdies Parents, Students, and Friends,
Pick n Pay Vanderhoff Park is proud to present the Ferdies Loyalty Programme!

Please post your till slips for all shopping done at your Vanderhoff Park store in the postbox marked with our school's logo. By doing so, you can help raise funds for Ferdies, as Vanderhoff pledges to give 2% of all money spent back to your school in the form of a quarterly cashback voucher. Ferdies can then use this voucher to purchase groceries and other essential goods.

By shopping at Vanderhoff, you also benefit from PnP's customer loyalty system! Simply swipe your Smart Shopper card and take advantage of PnP's Brand Match System. Please ask in-store for more details.

Pick n Pay Vanderhoff Park – Let our family look after your family, school, and community.